



Laerskool Newtonpark

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 18

24 Mei 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

Die leerlinge van graad 4 tot 7 begin Maandag eksamen skryf. Ons wil al ons leerlinge met die eksamen sterkte toewens, hulle moet hard leer en net hul beste gee. Sterkte ook aan die ouers wat tydens die eksamen hul kinders ondersteun en bystaan.

Indien 'n leerling gedurende die eksamen afwesig is, **moet hulle 'n doktersertifikaat verskaf**, anders kry hulle nul vir die vraestel wat geskryf word.

SKOOLTYE VANAF 27 MEI – 7 JUNIE 2019

Neem asb. kennis dat die skool vanaf **27 Mei tot 6 Junie om 13:00** sal verdaag. **Die skool sluit egter Vrydag 31 Mei en 7 Junie normale tyd – 12:35.** Hierdie tye is van toepassing op graad R tot graad 7.

SPORT

Volgende week sal daar geen sport vir leerlinge van graad 3 tot 7 wees nie. Afrigters mag onderling oefeninge reël. Hulle sal die leerlinge in kennis stel.

SONKRAG

Baie dankie aan elke ouer wat vir ons terugvoering gegee het rakende die onderwerp. Dit word opreg waardeer. Dankie vir almal wat die afskeurstrokies aan ons terug besorg het. Die uitslag was soos volg:

Stemme vir self-finansiering	: 350 stemme (83%)
Stemme teen die opsie	: 5 stemme (1,7%)
Stembriewe nie teruggestuur	: 52 strokies (16%)

Ons gaan dus voort om die projek uit opgehoopte fondse te finansier. Die kontrakteur sal volgende week met die installasie begin.

TENNIS: OUER-EN-KIND-AAND

Die 31ste Mei is dit weer tyd vir ons ouer-en-kind-tennisaand wat om 18:00 onder ligte by die sportveld gehou word. Soos vantevore sal kos en koeldrank te koop wees. Hierdie geleentheid was verlede kwartaal baie goed ondersteun en ons sien daarna uit om hierdie kwartaal selfs meer paartjies op die "baan" te sien.

TENNIS: MUSIC TRIVIA

Soos u reeds weet, het ons tennis Music Trivia se datum na Saterdag, 8 Junie om 18:00 vir 18:30 verander en sal steeds in ons skoolsaal plaasvind.

Hierdie geleentheid, wat belowe om vol pret en pryse te wees, dien as fondsinsameling vir ons jaarlikse tennistoer sowel as ligte en toerusting vir die bane. Meer inligting sal binnekort aan u op ons D6-skoolkommunikeerder sowel as ons Facebook-blad deurgegee word.

VAKANSIENASORG: JUNIE 2019

Die beheerliggaam het daartoe ingestem dat ons 'n opname maak om vas te stel hoeveel ouers 'n daadwerklike behoefte het om tydens die Junie-vakansie van ons nasorgdiens gebruik te maak. Dit kan slegs aangebied word indien daar ten minste 10 kinders is wat daarvan gebruik wil maak. Brief word aan Maandag, 27 Mei aan elke ouer gestuur. Stuur asseblief die brief terug as u belangstel, moenie wag tot die vakansie begin nie. Ons moet bepaal hoeveel personeel moet werk.

Die voorgestelde tydperk is:

1. **18 Junie tot 28 Junie (9 dae). (Skole sluit Vrydag, 14 Junie 2019) Maandag 17 Junie is Jeugdag)**
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:30-17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R450 per kind (R850 vir 2 kinders) en is **vooruitbetaalbaar**.

BLOEDSKENK

Sien asseblief op D6-kommunikeerder die nuutste statistiek van elke kind se vordering. Onthou u kan op Saterdag, 8 Junie by die junior-sportdag ook die bloeddiens ondersteun.

TROLLEY DASH

Afkseurstrokies vir die verkoop van ekstra boekies moet asseblief teen Maandag, 27 Mei by die skool terug wees. Elke kind ontvang saam met hul rapport een boekie om te verkoop. Daar is 'n 30-sekonde "trolley dash" vir die kind wat die meeste kaartjies verkoop. Die wen-klas word met pizza beloon. Baie dankie vir ywerige deelname aan die projek.

KULTUURAAND SAAM MET NATASHA JOUBERT: KAARTJIES EN LEË KOSBLIKKIES

Kaartjies vir ons kulturaand saam met die bekende sangeres, Natasha Joubert, vir Woensdagaand, 12 Junie 2019, te Laerskool Newtonpark se skoolsaal, is by Mev. Laas in die kantoor en gasvrouens teen R60 per persoon beskikbaar. Ons wil ook vra dat indien u leë, gewaste kosblikkies (bv. KOO) vir ons kan stuur, u dit by die kantoor sal inhandig – ons beoog om die tafels daarmee op te tof.



Laerskool Newtonpark bied aan
Kulturaand met
Natasha Joubert & Kore van LNP



Datum: Woensdag, 12 Junie 2019
Tyd: 18:30 vir 19:00
Plek: Laerskool Newtonpark Skoolsaal
Kaartjies: R60 p/persoon
Te koop by Skoolkantoor & Gasvrouens
Tel: 041 365 1233
* Pak jou piekniekmandjie (en eie eetgerei) & kom geniet die aand saam met ons.

RAFI'S WINTER-WARMERS

Ons ondersteun steeds graag "Rafi's appliances & mattresses" met hul poging om 5,000kg klere en komberse vir behoeftiges gedurende die winter in te samel. Enige klere en komberse kan na Mev. Campher gestuur word waar ons dit na Rafi's sal neem om geweeg te word. Die skool wat die meeste insamel, kan 'n 14kg Bosch wasmasjien vir hul skool asook 'n wasmasjien vir die instansie van hul keuse wen.

SKOOLGELDE 2019

Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	LAERSKOOL NEWTONPARK
BANK	ABSA
REKENINGNOMMER	1400490089
TAKKODE	632005

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se naam en van verskaf.

'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE

Indien skoolgelde (graad R – 7) voor/op 31 Mei 2019 ten volle betaal word, sal 'n 5% korting toegestaan word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK


Pak alles gemotiveerd aan. Werk soos vir die Here en nie soos vir mense nie.

Kolossense. 3:23

Hemelvaart: Donderdag 30 Mei 2019

Jesus se hemelvaart het beteken dat Hy sy taak op aarde suksesvol klaargemaak het!

Hy het vir ons kom leer wat ware liefde is, Hy het aan die kruis vir ons gesterf sodat al ons sondes vergewe is en Hy het weer opgestaan en die borse oorwin!! Ons kan nou vry leef van sonde en ons wag tot wanneer Hy weer kom om ons te kom haal.



JJ. Pienaar

SKOOLHOOF

E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za

Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:

Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

- Ma – 27 Mei : Klerewinkel: **07:30-12:00**
EKSAMEN: Engels graad 4 + 6
EKSAMEN: Afrikaans graad 5 + 7
Kuns graad R – 2 **13:30-14:30**
Kuns graad 3 **14:00-15:00**
Kuns graad 4 – 7 **14:15-15:00**
- Di – 28 Mei : **EKSAMEN:** Wiskunde graad 4 – 7
Kuns graad R – 2 **13:30-14:30**
Kuns graad 3 **14:00-15:00**
Kuns graad 4 – 7 **14:15-15:00**
- Wo – 29 Mei : Klerewinkel: **12:00-14:30**
EKSAMEN: SW: Aardrykskunde graad 4 – 7
Rugby: 0/9A teen Tjaart van der Walt **14:30 (t)**
- Do – 30 Mei : **HEMELVAARTDAG**
EKSAMEN: EBW graad 7
Netheidsinspeksie
Skool verdaag om **12:00**
Dance Kids ballet graad R: **13:15**
- Vr – 31 Mei : Klerewinkel: **07:30-12:00**
EKSAMEN: Afrikaans graad 4 + 6
EKSAMEN: Engels graad 5 + 7
Drama graad R – 2: **12:45-13:30**
Drama graad 3 – 7: **12:45-13:45**

SPORT & KULTUUR

SWEM

Juwan Wium in graad 7D is Vrydag, 17 Mei 2019 toegeken met die "Best Level 3-Male Swimmer" trofee by die Port Elizabeth Aquatics se prysuitdeling vir swemmers.

Juwan het in Maart 2019 deelgeneem aan die Nasionale Vlak 3-Swemkampioenskappe en baie goed gevaar om 2 goue, 2 silwer en 4 brons medaljes te verower.
Hy het ook persoonlike beste tye in al sy items geswem:

50m borsslag
100m borsslag
200m borsslag
50m vryslag
100m vryslag
200m vryslag
50m rugslag
100m rugslag
50m vlinderslag



Baie geluk!

BLOEDSKENK ADVERTENSIE

Commit to donating blood
4 times in 2019 and receive this
limited edition LED Lantern.





*It's not
just blood.*

It's a life waiting to be lived.
Thank to your blood
donation.

Skenk asb. bloed by
Laerskool Newtonpark
SANBS Bus
Sat. 8 Junie 2019
08:00-14:00

Mikpunt: 25

